We develop the South African Agriculture Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

11 Junie 2019

Aan: Agri SA-affiliasies

UITSPRAAK DEUR DIE APPÈLHOF: *RHINO OIL AND GAS EXPLORATION SA (PTY) LIMITED V NORMANDIEN FARMS (PTY) LIMITED AND ANOTHER*

Gegewe die gebrek aan voldoende inligting oor die beskikbaarheid van groot hoeveelhede water wat benodig word vir olie- en gaseksplorasie en -produksie, en kommer oor die besoedeling van waterbronne (veral waar hidrouliese breking tegnieke moontlik toegepas word), ondersteun Agri SA nie die regering se klaarblyklike aptyt vir 'n olie- en gasproduksiebedryf in Suid-Afrika nie. Ons is van mening dat hidrouliese breking uiteindelik 'n verwoestende impak op die landbousektor van hierdie land sal hê.

Op 31 Mei 2019 het die Appèlhof uitspraak gelewer in die saak *Rhino Oil and Gas Exploration SA (Pty) Limited v Normandien Farms (Pty) Limited and Another* (die *Normandien*-saak). Agri SA, via sy provinsiale affiliasie in KwaZulu-Natal (Kwanalu), het finansiële steun aan Normandien gebied om Rhino in hierdie saak te opponeer.

Die saak gaan oor die geldigheid van Petroleum Agentskap van Suid-Afrika (PASA) se aanvaarding van 'n eksplorasiereg-aansoek ingevolge die Wet op Mineraal- en Petroleumhulpbronne, 2002 (MPRDA). Rhino se aansoek kan 'n impak hê op 5 500 plase wat strek oor ongeveer 2 miljoen ha in KwaZulu-Natal. Die Appélhof het die vorige uitspraak van die Wes-Kaapse Hoërhof ter syde gestel, naamlik dat PASA se besluit om die aansoek te aanvaar onwettig was aangesien wesentlike prosedures nie gevolg is nie. Die Appélhof hof het bevind dat Normandien nie kon vra dat aanvaarding van die eksplorasiereg-aansoek op hersiening tersyde gestel word nie omdat PASA se aanvaarding van Rhino se aansoek nie beskou word as 'n administratiewe aksie deur PASA nie en Normandien nie daardeur benadeel is nie.

Hoewel Normandien Boerdery, Agri SA en Kwanalu teleurgesteld is met die Appélhof se uitspraak, respekteer ons nietemin die hof se beslissing.

www.agrisa.co.za

Tel | +27 12 643 3400 **Fax** | +27 12 663 3178 **Email** | agrisa@agrisa.co.za
Physical Address | Inkwazi Building | Block A | 1249 Embankment Road | Zwartkop X7 | Pretoria | South Africa
Postal Address | Private Bag X180 | Centurion | 0046 | South Africa

Affiliasies moet daaop let dat PASA nog Rhino se aansoek moet oorweeg en daaroor moet besluit. Die proses sal ook ‘n besluit deur die Minister van Mineraal- en Energiesake behels oor die toestaan al dan nie van ‘n omgewingsmagtiging vir Rhino se voorgenome eksplorasiebedrywighede. Sodanige besluit kan moontlik by die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserye geappèlleer word, welke besluit op sy beurt ook op hersiening geneem kan word, indien nodig. Voordat enige boordwerk mag plaasvind, moet die nodige magtigingsprosesse ingevolge, onder andere, die Nasionale Waterwet, ook onderneem word. **Agri SA sal deelneem aan alle oorlegplegings- en besluitnemingsprosesse wat verband hou met olie- en gaseksplorasie en -produksie in Suid-Afrika om te verseker dat die regering se optrede rondom hierdie verdelende saak goed ingelig, regverdig en administratief billik geskied.**

Affiliasies moet ook daarop let dat Normandien se optrede in hierdie aangeleentheid (met die ondersteuning van Agri SA en Kwanalu) Rhino se voorgenome eksplorasiebedrywighede in KwaZulu-Natal aansienlik vertraag het. Boere, wat ongetwyfeld ernstig geaffekteer kan word deur olie- en gaseksplorasie- en produksie-aktiwiteite, het getoon dat hulle vasberade is in hul verset teen ‘n olie- en gasproduksiebedryf in Suid-Afrika.

Agri SA het onlangs in die Pretoria Hoërhof hersieningsverrigtinge geloods teen die waarnemende Minister van Omgewingsake se tersydestelling van appèlle teen vier ander aansoeke vir omgewingsmagtigings deur Rhino in Noord-Wes, die Vrystaat, KwaZulu-Natal en Oos-Kaap. Die moontlike effek van die Appélhof se uitspraak in die Normandien-saak sal deeglik oorweeg word vir doeleindes van Agri SA se huidige hersieningsaansoek, asook vir doeleindes van die Minister van Mineraal- en Energiesake se appél teen die beslissing in die Oos-Kaapse Hoërhof in die guns van Agri Oos-Kaap rondom die ongeldigheid van die minister se tegniese regulasies ten opsigte van hidrouliese breking.

Vir verdere inligting, kontak gerus vir:

Janse Rabie (Hoof van Natuurlike Hulpbronne, Agri SA)
E-pos: janse@agrisa.co.za
Tel. 076 451 9601